# SONDAGSKOOL LES: Gawes van die Heilige Gees – Doen Gawes

**Doel van les:**

- Hierdie week gesels ons oor die volgende drie gawes van die Gees. Ons noem hulle die Doen gawes.

**Ysbreker: Moontlik/onmoontlik**
Gee vir elke groep 'n blaai met stellings op. Die groepe moet besluit tussen: moontlik, onmoontlik, dalk kan gebeur en wat hulle nie seker is sal gebeur nie. Skryf die nommer van die stelling onder jou keuse neer.

Kry terugvoering.

**INLEIDING**:

Met die ysbreker was daar sekere wilde stellings gemaak, wat almal sal sê heeltemal onmoontlik klink, wat hoe sou jy ooit geld uit 'n vis se bek kan kry, 'n donkie praat of die son stil staan. Ons dien 'n God wat die onmoontlike moontlik maak en hierdie stellings is feite, want dit het werklik gebeur en is in die Bybel opgeskryf.

Ons gesels vandag verder oor die Gawes van die Heilige Gees. Ons het geleer dat daar nege gawes is en verlede week het ons stilgestaan by die drie Weet gawes: Woord van Kennis, Woord van Wysheid en Onderskeiding van geeste. Daar het ons alreeds begin sien hoe God bonatuurlike dinge aan ons wys. Ons gaan nou aanbeweeg na die drie Doen gawes, wat dit behels en dat God deur ons die onmoontlike wil doen.

**Groepwerk: Gawe van genesing**

Lees die volgende teksverse in die groep en probeer dan weereens 'n definisie skryf vir Gawe van Genesing wat julle nou gelees het.

- Johannes 5:5-9
- Handelinge 3:2-8

**Hulp vir leiers**

Dit is om God te vertrou om sonder medisyne of bemiddeling van 'n dokter bonatuurlik deur God genees te word.

**Groepwerk: Gawe van wonderwerke**

Lees die volgende teksverse in die groep en probeer dan weereens 'n definisie skryf vir werking van kragte na aanleiding van wat julle nou gelees het.

- 2 Konings 6:4-7
- Johannes 6:1-14

**Hulp vir leiers**

Dit is as 'n mens bonatuurlik en onverklaarbaar die natuurwette oorwin en 'n wonderwerk gebeur.

**Groepwerk:Geloof**

Lees die volgende teksverse in die groep en probeer dan weereens 'n definisie skryf vir die gawe van geloof na aanleiding van wat julle nou gelees het.

- Mattheus 8:5-13
- Mattheus 9:20-21

**Hulp vir leiers**

Hierdie is iets anders as reddende geloof. Dis 'n bonatuurlike vertroue dat God die onmoontlike sal doen al het almal rondom jou al opgegee. Dis om in 'n wonderwerk te glo.

Kry terugvoering van groepe.

**Vraag in groepe:**

Wat dink julle is die doel van hierdie gawes?

Kry terugvoering van groepe.

**SAMEVATTING**:

Die Heilige Gees bind ons saam as die Liggaam van Christus. God gee hierdie gawes aan gelowiges van enige ouderdom tot die beswil van Sy kerk. Hierdie gawes word geskenk om deur te gee aan ander wat dit nodig het. Ons kan dit nie koop nie en moet dit nooit vir onsself hou nie.

Sluit af in groepe met gebed.

| | | | |
|---|---|---|---|
| Moontlik | Onwaarskynlik | Nie Seker | Onmoontlik |
| Moontlik | Onwaarskynlik | Nie Seker | Onmoontlik |
| Moontlik | Onwaarskynlik | Nie Seker | Onmoontlik |

**Stellings:**

1. Jy gaan vandag 'n hond sien.
2. Jy gaan 'n goeie dag hê.
3. Die son gaan stil staan vir 'n dag.
4. Jy gaan huiswerk doen.
5. Jy gaan iets eet vandag.
6. Jy gaan vanaand slaap.
7. 'n Donkie gaan praat.
8. Jy gaan 'n reenboog sien.
9. Die weer gaan warmer raak.
10. 'n Vrou gaan op 90 haar eerste kind hê.
11. Jy gaan 'n eier lê.
12. Jy gaan geld in 'n vis se bek vind.
13. Jy gaan 'n prentjie teken.
14. Jy gaan more sien.
15. Jy gaan drie voëls sien vlieg.

**Stellings:**

1. Jy gaan vandag 'n hond sien.
2. Jy gaan 'n goeie dag hê.
3. Die son gaan stil staan vir 'n dag.
4. Jy gaan huiswerk doen.
5. Jy gaan iets eet vandag.
6. Jy gaan vanaand slaap.
7. 'n Donkie gaan praat.
8. Jy gaan 'n reenboog sien.
9. Die weer gaan warmer raak.
10. 'n Vrou gaan op 90 haar eerste kind hê.
11. Jy gaan 'n eier lê.
12. Jy gaan geld in 'n vis se bek vind.
13. Jy gaan 'n prentjie teken.
14. Jy gaan more sien.
15. Jy gaan drie voëls sien vlieg.